Laggera Decurrens (Blumea gariepina)
Yellow Wild Sage, Bluegreen Bitterbush
Wolbos, Pietbos

Dit is die een, waaroor ons dalk bekommerd is. Soos die John-Deere-blom het hy skielik orals opgekom en groot dele van die veld sommer oorgeneem.

MOET ONS BEKOMMERD WEES?

Volgens my naslaanwerke en navrae by mense wat WEET (behoort te), glo en vertrou hulle, dat die kruiebossie weer gaan verdwyn, soos dit gekom het. As die reënval weer normal gaan wees, d.w.s. nie te hoog nie.

By die inheemse bevolking is dit 'n waardevolle medisinale plant: dit hou bose geeste in die nag weg, as jy die vertrek daarmee berook. Die rook hou ook siektes weg en dis vir ons dalk van belang vir ongeliefde goggas ! Dalk kan die kampeerders onder ons dit toets: vryf die blare met jou hande, sodat die olie in die blare op jou hand kom, en vryf dit dan op jou vel. Jy kan ook die takke of blare opvrommel, in 'n blik druk en brandsteek. Die rook verdryf goggas.

Die bossie moet nie met die bitterbos (wat pers blommetjies dra en verder baie soos pietbos lyk) verwar word nie. Gelukkig kom dit hier nog nie voor nie, sover ek weet...dis ook maar goed, want DIE een gee sy bitter geur aan melk en vleis af. Vir die van julle, wat wil google, die bitterbos se wetenskaplike naam is ***PECHUEL LOESCHEA-LEUBNITZIAE***.

Bronne: Flowering Plants of the Kalahari Dunes deur Noel van Rooyen
Wild Flowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari deur Veronica Roodt
Gemsbokbean and Kalahari truffle deur Arno Leffers
Foto: Anka Eichhoff